MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

15 April 2021

**OB 9 – 2021: Algemene ouerbrief**

Beste Ouers

**Beheerliggaam**
Die finale portefeuljes van die beheerliggaam is vasgestel en ek gee dit vir u as volg deur:

| **Ampsdraers** | **Ander lede** |
|---|---|
| Mnr. Pieter Stemmet: Voorsitter & infrastruktuur<br>Mnr. Burger Conradie: Ondervoorsitter en bemarking<br>Mnr. William James Bussell: Tesourier<br>Me. Li-Anne Hagen: Sekretaresse en leerdersake | Me. Lizanne van Eeden: Fondsinsameling<br>Mnr. Anton Rautenbach: Sport<br>Me. Madelene Victor: Akademie<br>Me. Annie Wigmore: Kultuur en Algemene Kommunikasie<br>Me. Marga den Engelsman (gekoöpteer): Professionele ontwikkeling<br>Mnr. Werner van der Merwe (gekoöpteer): Veiligheid<br>Mnr. Jan Krüger: Skoolhoof |

Die leerders het die afgelope kwartaal hard gewerk. Dankie ook vir u ondersteuning aan u kind. Die rapporte word uitgedeel op die laaste skooldag van elke groep: groep B kry hul rapporte dus op 22 April en groep A op 23 April. Rapporte word vanaf 10h00 in die klasse uitgedeel en is vanaf 10h30 by ontvangs beskikbaar, indien u kind die dag siek en nie by die skool is nie. Die skool vir die leerders sluit om 10h30 vir die 2 groepe onderskeidelik. Personeel sal Donderdag aan diens wees tot 14h00, vir diegene wie se vervoer eers op die normale Donderdagtyd vertrek.

U gaan saam met die rapporte 'n kalender vir volgende kwartaal ontvang, sowel as die normale kwartaalverslag en ouerbesoek brief wat saam met die rapporte uitgaan.

Die veranderde regulasies vir sport het ons die geleentheid gegee om te begin met sportoefening, wat die leerders baie geniet het. Volgende week is daar geen sportoefening nie. Die kalenderdatums vir sport vir volgende kwartaal, is nog nie gefinaliseer nie. Ons is onseker of daar ligabepalings gaan wees vanaf Boland, aangesien baie skole wat deel vorm van die liga (weens hul betrokke omstandighede) nog nie begin het met sport nie. Skole sal waarskynlik onderling wedstryde reël oor verskillende dae, sodra ons weet wat die uitslag rondom ligadatums is. Die normale Saterdag Sportdae is tans nie moontlik nie, weens die beperking van 250 mense in die buitelug, terwyl geen toeskouers toegelaat word nie.

**Aangesien daar nie sport is nie, is die kloktye vir die week as volg:**

**Grade 1 - 3:** Maandag, Dinsdag, Woensdag 13h00
Donderdag en Vrydag 10h30

**Grade 4 -7:** Maandag, Dinsdag, Woensdag 14h00
Donderdag en Vrydag 10h30

Wintersdrag word gedra vanaf 3 Mei 2021.
Dankie vir u geduld in hierdie frustrerende tye.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080